21.6 RAPPORT DEPUTATE LEERSTELLIGE SAKE

1. Opdrag

Volgens die Handelinge van die Algemene Sinode 2012, item 20.11.2 (p333/4), het die Deputate die volgende opdrag ontvang oor die Beskrywingspunt van dr HF van Wyk insake die Skrifgrond van die Belydenisskrifte: “Die uitvoering daarvan word verwys na die Deputate Leerstellige Sake vir die nodige kontrolering en die deurgee vir publikasie in die Psalmboek”.

2. Uitvoering

Die Deputate het die Beskrywingspunt van dr HF van Wyk deurgegaan en afgehandel. Die finale dokument is deurgegee aan die CJBF-deputate vir opname in die volgende druk van die Psalmboek(e).

3. Vir Kennisname

Die Deputate is ook twee maal opgeroep deur die Deputate Ekumeniese Sake Binnelands met die oog op oorlegpleging oor die memorandum insake NG Kerk wat na hulle verwys is. Na afloop van die tweede vergadering het ons kennis gekry dat hulle dit verander het na ‘n memorandum van verstandhouding.

4. Aanbeveling

Dat daar, indien nodig geag, weer Deputate aangewys sal word.

Rapporteur: Ds HPM van Rhyn.